

HOOFSTUK 3

TOEPASLIKE KONSEPTE VIR 'N MODEL IN MAATSKAPLIKEWERK PRIVAATPRAKTYKBESTUUR

*Navorsingsvraag ter sprake vir hierdie hoofstuk: Wat is die mees toepaslike
konsepte vir 'n model in maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur?*

3.1 Inleiding

In die navorsingsproses word bestaande kennis vanuit die literatuur in 'n teoretiese verwysingsraamwerk geplaas ten einde 'n duidelike beeld te vorm van die boustene waaruit die navorsing sal spruit. Hierdie teoretiese verwysingsraamwerk bied die basis waarop 'n model berus. In hierdie studie word die Sisteemteorie as teoretiese verwysingsraamwerk vir die ontwikkeling van 'n privaatpraktykmodel benut. Dit is in hoofstuk twee uiteengesit. Wat egter belangrik is in hierdie ontwikkelingsproses, is dat bestaande kennis vanuit die literatuur binne konteks geplaas sal word om dit toepaslik en relevant vir die navorsingskomponent van die studie te maak.

Konsepte wat belangrik is ten einde 'n struktuur vir die beplande privaatpraktykmodel te bied, sluit in:

- onderliggende waarde- en normsisteme;
- etiek; en
- bemagtiging.

Hierdie konsepte kan vir sowel maatskaplike werk as die ekonomie en bestuurswese, as primêre boustene binne die ontwikkeling van 'n model dien. Hierdeur word die studie binne 'n sogenaamde "teoreties gekombineerde model" geplaas wat kenmerkend van sowel maatskaplike werk as ekonomiese- en bestuurswese is en wat struktuur en rigting aan die studie bied. Ten einde verwarring te voorkom, sal beide maatskaplike werk en ekonomie en bestuurswese as

operasionele komponente binne die samestelling van 'n privaatrektyk beskou word en sal daar telkemale slegs na die privaatrektyk verwys word met die veronderstelling dat dit die komponente van maatskaplike werk en ekonomie en bestuurswese insluit.

Die toepaslikheid van 'n waarde- en normsisteem, etiek en die proses van bemagtiging in beide maatskaplike werk en ekonomie en bestuurswese, moet dus in hierdie studie beoordeel word en in verband gebring word met die beginsels van privaatrektykbestuur in maatskaplike werk.

3.2 Konseptualisering van die terme waarde- en normsisteem, etiek en bemagtiging

Alvorens die eerste primêre konsep, naamlik waarde- en normsisteem, in die onderskeie dissiplines toepaslik in hierdie studie ondersoek word, is dit nodig om hierdie term binne konteks te konseptualiseer.

'n **Wardesisteem** word deur die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:70) beskryf as 'n **blywende** oortuiging dat 'n bepaalde gedragswyse of bestaansdoel persoonlik of sosiaal verkieslik is. Hierop reageer Engelbrecht (1997:59) deur te noem dat waardes ook die ideale waarna gestreef word en waarin geglo word, omvat. Hierdie ideale behels voorkeure vir bepaalde optredes.

'n Verdere komponent van waardes word deur Payne (1991:4) benadruk deurdat hy daarop wys dat waardes beïnvloed word deur elemente vanuit die individu self en die omgewing of sisteem waarbinne hy funksioneer. So kan elemente van kultuur en geloof die waarde-oriëntasie van die individu beïnvloed. Die omskrywing van Compton en Galaway (1994:240) kan vir die doeleindes van hierdie studie as toepaslik beskou word. Hulle argumenteer dat waardes "onbewysde" voorveronderstellings of leerstellings is, wat 'n bepaalde profesie of beroep begelei. Wat egter belangrik is, is dat waardes van die veronderstelling af uitgaan dat die individu binne die sisteem in staat is om keuses uit te oefen, deel te neem, self-gedetermineerd tot verandering is en individuele verskille in ander sisteme kan akkommodeer. Die normsisteem ontwikkel uit die veronderstelling dat 'n waarde-oriëntasie deur 'n totale sisteem aanvaar en geïmplementeer word.

Aansluitend tot die konsep waarde- en normsisteem, staan die konsep **etiek** wat deur die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:40) omskryf word as beginsels, standarde en verwagtings wat voortspruit uit aanvaarde waardes en norme en wat 'n maatskaplike werker se professionele handeling met of in die belang van 'n kliënt-sisteem bepaal. Hieruit kan afgelei word dat etiek die operasionalisering van professionele waardes impliseer. Engelbrecht (1997:59, 67) verwys simplisties na etiek as "waardes in aksie" wat gewoonlik deur middel van etiese kodes uiteengesit word. Net soos in die geval van waarde- en normsisteme, is daar ook veranderlikes wat die uitlewing van 'n stel etiese kodes beïnvloed. Hierdie veranderlikes word onder meer deur Wolfson (1999:269) beskryf as die teoretiese verwysingsraamwerk waaruit die individu werk en die praktykmodel wat hy volg. Verder het kultuur en geloof ook 'n invloed op die wyse waarop etiek deur die individu geïnterpreteer en uitgeleef word.

Die resultaat van 'n etiese kode vind gestalte in 'n proses van **bemagtiging**. Tydens bemagtiging ontvang 'n bepaalde sisteem persoonlike of kollektiewe mag om sodoende ekonomiese, sosiale of maatskaplike omstandighede te verbeter. Hepworth en Larsen in Potgieter (1998:216) brei op hierdie omskrywing uit deur te noem dat die "helper" die sisteem in staat stel om met die omgewing in interaksie te tree. Volgens hierdie beskrywing word die instaatstellingsproses verbind met aspekte van bevoegdheid, self-waarde, ondersteuningstelsels en geloof in die moontlikhede van individue en gemeenskapsisteme.

3.3 Rasionaal vir die seleksie van toepaslike konsepte

Die rasionaal vir die seleksie van hierdie drie toepaslike konsepte vir die studie is gevind met die bestudering van die teorie binne die beroepsrigtings genoem in die inleidende paragrawe. Hierdeur is bepaal waar die fokus binne hierdie twee beroepsrigtings gevind kan word. Die eerste fokusarea wat in beide beroepsrigtings as toepaslike konsep aandag geniet, is **sosiale funksionering** wat sy grondslag in **waardes en etiek** vind. (Vergelyk Potgieter, 1998; Hepworth, Rooney & Larsen, 1997; Smit & Cronje, 1997; Handy, 1997.) Die tweede fokusarea wat ook in albei beroepsrigtings as toepaslike konsep aandag geniet, is die konsep van bemagtiging. In ekonomiese- en bestuursweese val die klem op ekonomiese bemagtiging terwyl die klem in maatskaplike werk op maatskaplike of

sosiale bemagtiging rus. Die feit bly staan, in beide beroepsrigtings word die **proses van bemagtiging** aangespeek, wat die insluiting as tersaaklike konsep regverdig.

Vervolgens sal elk van hierdie konsepte binne konteks van privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk bespreek word.

3.4 Waardes as fundamentele konsep vir privaatpraktykbestuur in maatskaplike werk

Ten einde die totale omvang van waardes in privaatpraktykbestuur te ondersoek, word waardes as fundamentele konsep in beide maatskaplike werk en ekonomie en bestuurswese geïntegreerd in hierdie afdeling aangebied. Aangesien die vertrekpunt vir die ontwikkeling van 'n praktykmodel binne die werksterrein van maatskaplike werk val, word kenmerke van 'n waardesisteem in maatskaplike werk as die grondslag vir 'n privaatpraktyk voorgehou. Bydraend hierby volg kenmerke van 'n waardesisteem vanuit die ekonomiese- en bestuurswese wat nie in die bestaande waardesisteem van maatskaplike werk gevind kan word nie. Die rasionaal daaragter is dat die inherente ingesteldheid by die diensprofessies om "van diens te wees" teenoor 'n ingesteldheid in die handelsprofessies van "vrye handelsbeginsels", dit nodig maak om 'n raamwerk te ontwikkel waarmee die navorser gemaklik is en wat op die waardes van die maatskaplikewerkberoep gebaseer is. Vanuit die literatuur is dit duidelik dat die ekonomiese- en bestuurswese gebruik maak van 'n inherente waarde-oriëntasie wat geskoei is op die kernwaardes van 'n sisteem waarbinne hy funksioneer. Dit wil dus voorkom asof die persoon binne die proses hom laat lei deur die samelewing se waarde-oriëntasie.

Hierdie ingesteldheid is egter nie toepaslik in maatskaplike werk nie aangesien Payne (1997:24) na maatskaplike werk as die normatiewe waghond van die samelewing verwys. Die maatskaplike werker word gesien as 'n *instrument* van die samelewing wat voorskrifte uitoefen ten einde die orde en die maatskaplike welsyn van die gemeenskap in stand te hou. Dit is egter belangrik om te oordeel wat die maatskaplike werker se kenmerkende waardesisteem is en hoe kulturele en geografiese grense wat stremmend op die waardesisteem inwerk, geakkommodeer kan word.

3.4.1 Aannames waarop 'n waardesisteem binne maatskaplikewerk privaatpraktyk rus

- Aanneme 1 - maatskaplike werk word vanuit 'n mens- en lewensbeskouing beoefen waar dit te make het met die basiese uitgangspunte, norme en waardes van 'n samelewing. Hierdie rangorde van waardevoorkeure geskied en manifesteer verskillend by elke kultuur, en selfs by verskillende subkulture binne dieselfde samelewing.
- Aanneme 2 - Die oorsprong van 'n maatskaplikewerkwaardesisteem spruit uit die waardesisteem van die samelewing. Uiteraard verskil elke samelewing in terme van geloof, politiek, kultuur en demografie. Spesifieke faktore wat in verskillende samelewingstrukture 'n invloed op die waardesisteem het, word deur Potgieter (1998:38) soos volg uiteengesit.
 - Die Judees-Christen kultuur en erfenis plaas 'n hoë premie op aspekte soos onder meer die individualiteit van die individu, uniekheid en die Goddelike doel van elke persoon op aarde. Die klem op spesiale voortreflikhede of deugde soos onder meer *liefde, omgee, respek* en "*belangstelling in ander*" word deur hierdie oriëntasie voorgehou. Hierdie aspek word later in die hoofstuk in konteks vir privaatpraktyk geplaas.
 - Die Humanistiese denkraamwerk fokus op die "ideale" siening dat die inherente menslike natuur op vertroue en gelykheid gebaseer is. Loewenberg en Dolgoff in Potgieter (1998:38) omskryf dit soos volg: "*Doing good is a purpose in itself and contributes towards a secular good society where the person himself or herself becomes the ultimate good.*"
 - Die Kapitalistiese etiek fokus op elke persoon se vermoë tot sekuriteit om vir homself te voorsien en verantwoordelikheid te aanvaar vir dié wat nie vir hulself kan voorsien nie deur van sy goedere te deel.
 - Die Kliniese pragmatisme glo dat daar nie goed of kwaad is nie maar slegs optrede. "*There ain't no sins and there ain't no virtue, there is just stuff people do*" (Potgieter, 1998:38). Bogenoemde uitgangspunt is reeds deur Siporin (1980:66) uitgelig waar duidelik uitgespel word dat waardes en veral 'n waarde-oriëntasie soos hierbo genoem, verwys na eienskappe binne 'n individu. Waardes verwys na houdings en ingesteldhede vir die nastrewing van doelwitte ten einde basiese menslike behoeftes te vervul. Die basiese waarde-oriëntasie van die individu het steeds nie verander nie en word meer as vyftig jaar later steeds gevind in die behoefte tot bevrediging van basiese behoeftes.

- Aanname 3 - In meer resente werk noem Hepworth, *et al.* (1997:7) dat waardes in maatskaplike werk ook verwys na die reg van die individu tot die vervulling van sy basiese behoeftes. Hierdie standpunt word ook ondersteun deur Ife (2001:88) en Corey, Corey en Callanan (1998:7).
- Aanname 4 - Verskeie outeurs waaronder Ife (2001:104) en Abbott (2001:455) is van mening dat maatskaplike werk 'n kenmerkende waardesisteem ondersteun wat kulturele en geografiese grense oorskry. Abbott (2001:455) skryf onder meer: "*Values are often proclaimed as a major distinguishing characteristic of the social work profession, perhaps more important than its knowledge base or methodologies ... In moving towards a global understanding of the profession (social work), new values and/or new understandings of values can assist*" (Abbott, 2001:394).
- Aanname 5 - Vanuit die bestuurswese noem Smit en Cronje (1997:360) dat indien waardes bevraagteken word, dit wel deur die individu verander of aangepas word.

Vanuit bogenoemde aannames is dit duidelik dat die belangrikheid vir die bestudering van 'n waardesisteem in maatskaplike werk voor die hand liggend is. Maatskaplike werk bemoei hom met die grondbeginsels van hulpverlening aan die mens in nood. Hierdie hulpverleningsproses is geskoei op 'n verhouding tussen werker en kliënt-sisteem. 'n Verhouding wat dus gerig moet wees op beter en gesonde maatskaplike funksionering. Hierdie stelling word deur Ife (2001:103) ondersteun waar hy verwys daarna dat naas etiek, 'n waardesisteem een van die enkele belangrikste boustene in maatskaplike werk is. Dieselfde outeur noem verder dat hierdie siening in wese nie verskil van enige ander profesie nie, maar die feit dat maatskaplike werkers klem plaas op die fyn balans tussen waardes en etiek, en dat hierdie balans noodwendig 'n verskil in toepassing mag impliseer.

In navorsing wat deur Abbott (2001:456) onderneem is, bevestig sy dat daar 'n gemene deler in 'n waardesisteem in maatskaplike werk bestaan. Sy bied haar navorsingsresultate soos volg aan: "*This belief is consistent with the ease with which social workers interact at international*

professional meetings and their willingness and commitment to undertake shared international projects. Although it can be construed that successful interaction and collaboration result from a common value base, to date that common base has not been substantiated."

Bond (1993) noem reeds vroeër, ondersteunend tot hierdie stelling, dat die beginsels van hulpverlening primêr en intensioneel gerig is op 'n hulpverleningsproses wat gebou word op 'n waardesisteem en praktykstandaarde wat gemeet kan word.

Ten einde te oordeel watter en hoe waardes toepaslik in privaatpraktyk sal wees, is dit nodig om na die soort waardes in maatskaplike werk te gaan kyk.

3.4.1.1 Soorte waardes binne maatskaplikewerk privaatpraktyk

Vanuit die definisie van waardes kan gesien word dat waardes rigtinggewend vir gedrag is en dat waardes ontwikkel vanuit persoonlike ervaring wat aangepas kan word ten einde nuwe uitdagings en geleenthede in 'n sisteem te skep.

Ten einde by hierdie nuwe uitdaging en geleenthede uit te kom, noem Johnson in Potgieter (1998:38) dat drie soorte waardes onderskei kan word, naamlik:

- (i) Abstrakte waardes, wat maklik deur 'n sisteem aanvaar word. Dit sluit onder meer vryheid, waardigheid, verdienstelikheid en geregtigheid in.
- (ii) Gedrewe waardes, wat doelgerig en aksiegerig is. Dit sluit onder meer waardes in soos die voor- of afkeur van aborsie op aanvraag, genadedood of lyfstraf.
- (iii) Instrumentele waardes, wat fokus op 'n einddoel en die roetekaart voorstel vir gedrewe of abstrakte waardes. Dit is ook dikwels gerig op die innerlike oortuiging en krag van die individu.

Die rede hoekom daar 'n onderskeid getref word tussen verskillende soorte waardes, is die feit dat elke situasie of geleentheid in die sisteem vir 'n eiesoortige waarde-oordeel of waardesisteem vra. Hieroor sê Potgieter (1998:39): "*Value conflicts or dilemmas develop when we are exposed to different value systems which might seem contrary or in opposition to each other.*" Binne

maatskaplike werk word die vraag dikwels afgeva of 'n jong kind alleen oor haar seksualiteit kan oordeel, of 'n tienerma geleer moet word om na haar eie baba om te sien, en 'n geleentheid tot verdere studie of potensiaalontwikkeling dan ontbeer, of moet sy aangemoedig word om die keuse van aanneming te oorweeg. Etiese dilemmas soos dié vestig die aandag op die kernwaardes van maatskaplike werk en die uitlewing daarvan.

3.4.1.2 Kernwaardes van maatskaplike werk

Die vraag ontstaan by Payne (1997:112) hoe waardes en norme in 'n samelewing gekonstrueer word en tot watter mate dit dan binne die samelewing afdwingbaar is. Waardes word as 'n relatiewe veranderlike beskou. Die toepassing daarvan word beïnvloed deur die persepsie wat in die samelewing op daardie gegewe oomblik heers. Waardes is dus subjektief en veranderlik. Waardes is ook onlosmaaklik deel van die maatskaplike werker se eie persoonlike identiteit. Dit is dus krities dat daar 'n beter begrip ontwikkel vir die "verstaan van" hierdie waardes en die implikasies daarvan in maatskaplike werk. Hieroor skryf Asamoah, *et al.* (1997:394) die volgende: "*Values are often proclaimed as a major distinguishing characteristic of the social work profession.*"


Die belangrikheid vir die konseptualisering van hierdie standpunt is daarin gesetel dat die maatskaplike werker homself moet kan identifiseer met 'n bepaalde stel waardes. Die vraag word dus gevra waar hierdie stel waardes vandaan kom en waaraan dit gemeet kan word. In teenstelling hiermee bestaan die mening dat wetenskaplik verantwoordbare maatskaplike werk **waarde** behoort te wees. Hierdie stelling word deur Loewenberg en Dolgoff (1996:32) in perspektief geplaas wanneer dit duidelik gestel word dat maatskaplike werk klem behoort te plaas op die hulpverleningsproses wat waarde toegepas moet word, maar dat dit binne die konteks van die waardestelsel van die betrokke kliëntsisteem moet geskied. Daar kan dus die afleiding gemaak word dat dit 'n besondere ingesteldheid en vaardigheid van die maatskaplike werker sal verg om hierdie sensitiewe en fyn skeidslyn gestand te doen. Die maatskaplike werker word dus die instrument om die wanbalans in die kliëntsisteem te herstel sonder om sy eie waardebasis as verwysingsraamwerk te gebruik.

Die relativiteit van 'n waardestelsel word deur Barker (1991:221) beklemtoon wanneer hy noem dat waardes relatiewe betekenis in 'n gemeenskap besit. Sommige gemeenskappe sal vanuit die agtergrond van geskiedenis byvoorbeeld 'n ekonomiese betekenis aan waardes gee waar ander gemeenskappe weer vanuit die agtergrond van geskiedenis 'n kulturele betekenis aan waardes heg. Daar is reeds met die konseptualisering van waardes gesien dat 'n veelheid perspektiewe bestaan. So kan vanuit 'n geloofsperspektief (Westminster Dictionary for Christian Ethics, 1986:645) waardes soos volg omskryf word: "*Value' is a modern term used to indicate what traditionally has gone by the name of 'good' or 'the good'*", terwyl die konseptualisering onder punt 3.2 die fokus op die blywende oortuiging wat persoonlik of sosiaal verkieslik is, plaas.

Die standpunt word soos volg ondersteun deur Hepworth en Larsen (1997:8) as hulle noem dat nie alle maatskaplike werkers alle waardes van die professie ondersteun nie – een van die waardes in maatskaplike werk is juis dat elke individu die vryheid van keuse sal hê om 'n eie stel waardes na te streef.

Die belangrikste enkele aspek waaroor nie gedebatteer word nie, handel oor die objektiwiteitsbeginsel teenoor die subjektiwiteitsbeginsel van waardes, waar subjektiwiteit die **gevoel** en **emosie** wat die betrokke objek van waarde by die individu aanwakker, beklemtoon teenoor die objektiewe siening van **belangrikheid** wat 'n persoon aan 'n objek van waarde heg. Wat wel vir hierdie studie ter sake sal wees, is watter gevoelswaarde die privaatpraktisyn aan sy hulpverleningsaksie heg en óf daar in sy waardestelsel 'n dringendheid bestaan oor sy hulpverlenings-aksie. Dit sal dus belangrik wees om te bepaal of daar 'n objektiewe waarde-oordeel oor hulpverlening, of 'n subjektiewe waarde-oordeel, beleef word.

Dit is dus duidelik dat kernwaardes nodig is ten einde die waarde-oordeel in maatskaplike werk in perspektief te plaas. Hierdie kernwaardes sal vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk rigtinggewend wees ten einde sy eie optrede binne 'n objektiwiteits- of subjektiwiteitsbeginsel te plaas. 'n Toepaslike struktuur is deur Levy in Potgieter (1998:39) opgestel, wat hierdie kernwaardes in perspektief plaas.



Figuur 3.1: Kernwaardes van maatskaplike werk

Hierdie kernwaardes vind gestalte in beginsels wat in Hoofstuk vier bespreek sal word. Soos reeds genoem, bevind die maatskaplike werker in privaatpraktyk aan die een kant hom in 'n waarde-basis gesetel in maatskaplike werk en aan die ander kant bevind hy hom in 'n besigheidsoriëntasie. In die volgende paragraaf word beide oriëntasies ten opsigte van waardes binne die konteks van privaatpraktyk beredeneer ten einde tot 'n slotsom te kan kom van wat in maatskaplike-werkprivaatpraktyk van toepassing sal wees.

3.4.2 'n Waardebasis binne die konteks van privaatpraktyk

Indien vanuit 'n waardebasis as vertrekpunt geargumenteer word, word die vraag gevra of maatskaplikewerk privaatpraktyk na aanleiding van die bogenoemde argumente wel beskou kan word as die suiwer beoefening van maatskaplike werk. Verskeie debatte met betrekking tot hierdie argument is reeds gevoer (Gambrill & Pruger, 1999; Wakefield in Gambrill & Pruger, 1999; en Wolfson, 1999).

Die volgende twee argumente word as belangrik genoeg geag ten einde bespreking in hierdie studie te vra.

- Bestaan die moontlikheid dat privaatpraktyk die kliëntsisteemprofiel in 'n gemeenskap kan verander en dus die klem vanaf die tradisionele werksveld in maatskaplike werk, na 'n nuwe veld verskuif waar die behoefte, dienslewering en hulpverleningstrategie verskil van dit wat tradisioneel in die grense van die maatskaplikewerkberoep gesien word? Hier word die "middelklas-argument" en die "fooi-argument" bespreek.
- Bestaan die moontlikheid dat vaardighede in maatskaplikewerk privaatpraktyk verskil van vaardighede wat benodig word in die tradisionele model van maatskaplikewerkhulpverlening? Hier word "opleiding" en "beroepsgrense" as argument geopper.

Wakefield in Gambrill en Pruger (1999:223) noem dat beide argumente gewig dra. Hy beklemtoon die feit dat die missie en waarde van maatskaplike werk as kern in enige argument moet staan en dat daar twyfel bestaan oor die versoenbaarheid tussen waardes in maatskaplike werk en besigheidswaardes in privaatpraktyk. Hierdie skrywer beskou die kernwaardes van besigheid dus in teenstelling met die kernwaardes van maatskaplike werk.

Vervolgens sal daar na die eerste argument of "middelklas"-argument in privaatpraktyk gekyk word.

3.4.2.1 Die "middelklas" argument teen privaatpraktyk

Wakefield in Gambrill en Pruger (1999:224) argumenteer dat die kliëntsisteem wat by 'n privaatpraktyk vir hulp aanmeld, dikwels binne die sosio-ekonomiese "middelklas" gegroepeer word. Hierdie kliëntsisteem beskik dus oor genoegsame fondse om vir sy eie dienste te betaal, hetsy deur middel van 'n ondersteuningsfonds of uit eie finansiële bronne. Die etiese argument raak dus die kwessie aan waar die groot groep kliëntsisteem wat wel hulp nodig het, maar in die laer inkomstegroep ressorteer, en dus nie vir hierdie dienste kan betaal nie, uitgesluit word van hulpverlening. Hierdie standpunt word verder gekompliseer wanneer geargumenteer word dat dit dus ook beteken dat die kurrikulum vir opleiding in maatskaplike werk tekort skiet en die primêre doel of missie in maatskaplike werk, naamlik om aan alle lede in 'n gemeenskap 'n vangnet vir maatskaplike hulpverlening daar te stel, verlore raak, aldus Wakefield in Gambrill en Pruger (1999:224).

Die primêre missie van maatskaplike werk word soos volg deur Hepworth en Larsen (1997:4) omskryf as "... to enhance human wellbeing and help meet basic human needs, with particular attention to the needs of vulnerable, oppressed, and poor people". Die missie in maatskaplike werk kan ook geïnterpreteer word as die daarstelling van gelyke geleenthede aan elke individu om ten minste 'n deel van die hulpbronne, voorsien deur die gemeenskap, vir goeie maatskaplike funksionering te kan ontvang. Hierdie standpunt word soos volg deur Wakefield in Gambrill en Pruger (1999:226) beskryf: "

... (They) imply that it is unfair for any person to be deprived of a minimally decent level of basic resources, which in the case of economic resources is known as the 'poverty line'. Given that social work's task is to alleviate distributive injustice, and given the additional and common assumption that economic resources are the only kind of resources that are unjustly distributed, it would follow that social workers should treat only economically deprived clients."

Die teenargument wat aangevoer word deur Richey in Gambrill en Pruger (1999:230) impliseer dat geen substantiewe bewyse bestaan dat hulpverlening en maatskaplike probleme slegs by laer sosio-ekonomiese groepe voorkom nie, maar dat maatskaplike hulpverlening ook by die middelklas en hoër ekonomiese groepe nodig is. Privaatpraktyk verminder dus die druk van staatstrukture en

nie-winsgewende sisteme deur 'n vangnet te bied vir ekonomiese groepe wat wel in staat is om te betaal vir hulpverleningsdienste.

In Suid-Afrika waar daar 'n noemenswaardige tekort bestaan aan formele welsynstrukture met maatskaplike werkers wat binne formele strukture nie alle individue van hulp kán bedien nie, bied die privaatpraktyk-alternatief 'n verligting aan werkdruk en gevallelading.

3.4.2.2 Die "fooi" argument teen privaatpraktyk

Hierdie argument word gebaseer op die voorveronderstelling dat maatskaplike werk dienste lewer as deel van elke landsburger se basiese regte waarop hy aanspraak het. Hierdie regte impliseer dat die dienste gratis deur die staat voorsien sal word. Hierdie standpunt ondersteun die aard van maatskaplike werk en is dus in lyn met dit waarmee maatskaplike werk hom bemoei. Wakefield in Gambill en Pruger (1999:189) ondersteun hierdie stelling deur te noem dat elke landsburger toegang tot maatskaplike dienste moet hê, ondanks die onvermoë om te betaal. In kommentaar gelewer deur Wolfson (1999:269) word verwys na die konflikterende waardes waarbinne die maatskaplike werk as hulpverleningsaksie hom bevind sodra die fooi-argument geopper word.

Die teenargument wat aangevoer kan word, is dat ten spyte van die feit dat hierdie dienste wel beskikbaar is en as 'n basiese reg van elke landsburger beskou behoort te word, mag individue wel versoek word om te betaal vir dienste indien "hulle dit kan bekostig". Hier kan die voorbeeld van mediese dienste gebruik word waar gratis mediese hulp aan persone sonder 'n inkomste gebied kan word, maar tariewe gehef word by dieselfde mediese instelling aan persone wat finansieël in staat is om te betaal.

Dieselfde reëling geld in die regsisteem waar regsadvies gratis aan die kliënt-sisteem van die staat gebied word, maar fooie gehef word by dié wat wel kan betaal. Hierdie komponent vorm deel van die funksionering van 'n gesonde staatstruktuur waar die individu verantwoordelikheid aanvaar vir sy eie versorging en funksionering. Dit vorm ook deel van 'n vryemarkbeginsel in 'n vryemarkeconomie.

Die Suid-Afrikaanse konteks as teenargument

Werkloosheid word tans tussen 35% en 40% onder die Suid-Afrikaanse bevolking geraam (Statistiek Suid-Afrika: 2003). 'n Klimaat van werkskepping in alle beroepsvelde word bepleit ten einde die afwaartse spiraal waarbinne die ekonomie tans verkeer, teë te werk. Daar word geraam dat 50% van die Suid-Afrikaanse bevolking onder die sogenaamde "broodlyn" lewe, dit wil sê, huishoudings verdien minder as R1 800 per maand. (Statistiek Suid-Afrika, 2003; CIA-World Factbook, 2000). Suid-Afrika se werksmag bestaan 45% uit diensvelde - dit wil sê 'n werksmag wat binne owerheidsektor werksaam is. As die argument gestand gedoen word dat maatskaplike werkers opgelei word om diens te lewer aan 'n emosioneel en finansiële belemmerde gemeenskap - maar daar bestaan nie werkgeleenthede binne owerheidsektor wat maatskaplike werkers bo die broodlyn sal laat voortbestaan nie, verskuif die etiese vraagstuk weg van hierdie argument van fooi en koste-strukture na die instandhouding van die maatskaplikewerkberoep en oorlewing van 'n maatskaplike werker op finansiële gebied.

Die volgende aanhaling deur Logan in Lakin (1988:19) som die geleentheid tot finansiële oorlewing in maatskaplike werk soos volg op:

"The issue of money is quite complicated. There are many cases where the people need the help and they obviously can't afford it. At least they can't afford the kind of help they need. I think about my own financial situation and ask myself, "Should I really see this person for almost nothing?" I need to think when I first started out in this business that my real commitment should be to help people whether they could afford it or not. It sure complicates things for me about what to charge when I know for sure the person just doesn't have the money to spare. Of course I get mad if I give more than I feel I should, and that surely is no good for the treatment situation. But I really feel it's not just my own 'neurotic problem'. For me, at least, it is a real ethical dilemma."

Dikwels beleef die maatskaplike werker die konflikterende gedagte dat die oogmerk van hulpverlening dienslewering is, en die motief van hulpverlening wins is, wat dikwels soos Logan hierbo dit stel 'n persoonlike etiese dilemma veroorsaak.

Samevattend kan dus gesê word dat die diensmotief 'n basiese ingesteldheid is terwyl die winsmotief 'n gekose optrede deur die maatskaplike werker is.

3.4.2.3 Die "opleiding" argument teen privaatspraktyk

Opleidingsinstansies vir maatskaplike werk bemoei hulle met die basiese tegnieke, vaardighede en etiek van maatskaplike werk as profesie. Praktykgerigte opleiding omsluit die aanleer van vaardighede wat die maatskaplike werker sal toerus om sy profesie met uitnemendheid te beoefen. Hierdie argument word internasionaal aangevoer en word ondersteun deur Richey in Gambrell en Pruger (1999:231) as sy noem dat staatsondersteunde instellings - veral universiteite – 'n duidelike mandaat besit om maatskaplike werkers voor te berei vir die beoefening van maatskaplike werk as beroep in die owerheidsektor.

Teenargument: Dit is egter so dat die aanvraag na dienste binne die veld van maatskaplike werk verder uitkring as net die owerheidsektor, onder meer na privaatinstellings, onderwysinstellings, interdisiplinêre spanbenaderings en bestuurswese. Die toepassing van maatskaplike etiek, waardes en norme is dikwels aanvaarbaar en versoenbaar binne algemene beginsels van hierdie beroepe waar bestuur deur uitnemendheid en sosiale verantwoordelikheid in die bedryf as prioriteit gesien word en maatskaplike werk hieraan voldoen. Etiese besluitneming word as vertrekpunt in algemene bestuur beskou en word deur Kroon (1996:97) soos volg omskryf: "Etiese besluitneming moet die kernbeginsels vir die evaluering van eties en sosiaal verantwoordelike besluitneming inkorporeer." Die afleiding word dus gemaak dat billikheid en regverdigheid, die regte van werkers, korrekte feite en gelyke geleentheid deel uitmaak van basiese waardes en dus ook tot die kern van maatskaplikewerkwaardes behoort. maatskaplike werkers word dus effektief opgelei om in hierdie beroepsvelde suksesvol te funksioneer.

3.4.2.4 Die "beroepsgrense"argument in privaatspraktyk

maatskaplike werkers in privaatspraktyk bied dikwels 'n algemene diens binne "geestesgesondheid" wat oor die maatskaplikewerk beroepsgrense heen beweeg. Hulpverlening in terapie, psigo-terapie en selfs hipnoterapie word dikwels as argument geopper wanneer aangevoer word dat die

interpretasie van die grense in die maatskaplikewerkprofessie duideliker omlin moet word. Deur weg te beweeg van die basiese hulpverlening aan die gemeenskap vervaag die primêre doel waar maatskaplike werk as verlengstuk vir hulpverlening aan die samelewing deur die staat beskou behoort te word. Hierdie argument word deur Wakefield in Gambrill en Pruger (1999:228) soos volg ondersteun: *"In this case, the objectors are correct that private practitioners who serve a general mental health population are not doing social work as it is traditionally conceived"*. Die argument bevraagteken nie die vermoë van die maatskaplike werker om wel hierdie taak uit te voer nie, maar wel wáár hierdie maatskaplike werker tuishoort binne professionele beroepsgrense. maatskaplikewerkopleiding gee dus aan die privaatpraktisyn die status en professionele affiliasie by 'n beroepsraad, maar die aard van die werk wat verrig word, verskuif die essensie van die hulpverlening na 'n soortgelyke hulpverleningsprofessie soos onder meer sielkunde.

Teenargument: Hulpverlening soos die missie van maatskaplike werk omskryf, omsluit die individu en sy sistemiese rol in sy gemeenskap. Die interpretasie van dit wat die belang van die gemeenskap dien en wat die taak en rol van die maatskaplike werker in die gemeenskap is, verander gereeld en verskil van gemeenskap tot gemeenskap. Richey, soos aangehaal in Gambrill en Pruger (1999:231), noem in hierdie verband dat die maatskaplike werker ook buite die tradisionele model opgelei behoort te word om sodoende 'n aanvaarbare rol in die inter-dissiplinêre span te kan volstaan, en die gemeenskap in al sy fasette met betrekking tot hulpverlening te dien.

Ten slotte kan die afleiding gemaak word dat 'n suiwer diensmotief vanuit die waardesisteem en etiese uitlewing van die professie maatskaplike werk wel bestaan. Hierdie diensmotief staan sentraal as tema in elke hulpverleningsaksie en word deur die professie uitgedra as beginsel in dienslewering.

Ten einde die funksionering van privaatpraktyk en die beginsels van privaatpraktyk te verstaan, is dit nodig om ook die etiese aspekte van maatskaplikewerk privaatpraktyk te bespreek. Hierdie aspekte omsluit verskillende komponente van maatskaplikewerketiek en besigheidsetiek.

3.5 Etiek as fundamentele konsep vir privaatrektykbestuur in Maatskaplike werk

Alvorens daar na etiek in privaatrektyk gekyk kan word, is dit nodig om die verband tussen waardes en etiek in oënskou te neem. Die verband tussen waardes en etiek in maatskaplike werk kan duidelik uit die kernwaardes soos voorheen in figuur 3.1 uiteengesit is, geïdentifiseer word met die onderlinge verband wat vanuit die kernwaardes na 'n stel beginsels vloei wat weer gestalte vind in etiese optrede.

3.5.1 Die verband tussen waardes en etiek binne die konteks van maatskaplike werk

Die toepassing van 'n stel waardes in 'n gemeenskap is nie net die maatskaplike werker se verantwoordelikheid nie, maar ook die gedeelde verantwoordelikheid van die gemeenskap. Hier noem Hepworth en Larsen (1997:10) die volgende ter ondersteuning: "*Society should foster conditions and provide opportunities for citizens to participate in the policy (values) determining processes of society.*" Hierdie gedeelde waardes word tot uitvoer gebring in 'n etiese raamwerk wat 'n riglyn aan die maatskaplike werker bied waarbinne waardes binne die konteks van maatskaplike werk toegepas kan word.

Indien die konsep "etiek" binne die konteks van maatskaplike werk omskryf word, sal Barker (1991:77) se definisie as vertrekpunt gebruik word: "*Ethics ... a system of moral principles and perceptions about right versus wrong and the resulting philosophy of conduct that is practiced by an individual, group, profession, or culture.*"

Binne die maatskaplikewerkkonteks in Suid-Afrika word maatskaplikewerketiek in die Nuwe Woordeboek vir maatskaplike werk (1995:40) soos volg omskryf: "maatskaplikewerketiek ... beginsels, standaard en verwagtings wat voortspruit uit aanvaarde WAARDES en NORME en wat 'n maatskaplike werker se professionele handelinge met of in belang van 'n Kliënt-sisteem bepaal". Die fokus verskuif dus nou vanaf 'n waardesisteem tot die operasionalisering van die waardes. Verskeie benaderings bestaan oor hoe die prosesse van operasionalisering moet verloop en dit sal vervolgens bespreek word.

3.5.2 Benaderings in maatskaplikewerketiek

In meer resente werk noem Clark (2000) en Ife (2001) onder meer dat die aard van maatskaplike werk die akkommodering van etiek insluit. Die omvang bestaan dus uit etiese dilemmas, die hantering van etiese vraagstukke, konflikterende waardestelsels en morele besluite en oorwegings. Lewis soos aangehaal deur Mattison (2000:202) omskryf dit soos volg: "*Ethics refers to those rules of conduct that direct us to act in a manner consistent with the values we profess*". Vanuit bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat verskeie standpunte of benaderings hieroor bestaan. Dit word soos volg deur Bond (1993:112) uiteengesit:

3.5.2.1 Die morele filosofie of teleologiese benadering

Hier word die vraag gevra: Wat is die maatskaplike werker veronderstel om te doen? Watter voordeel trek die maatskaplike werker vanuit sy betrokkenheid by die kliëntsisteem? Tot watter mate kan emosionele skade by beide partye beperk word en tot watter mate sal die kliëntsisteem se reg op eie keuse beskerm word? Die toepassing van hierdie etiese vrae binne die konteks van maatskaplikewerk privaatspraktyk is van kardinale belang. Hierdie benadering word deur Mattison (2000:204) uitgelig wanneer sy sê dat resultate van besluite direk in verband gebring kan word met die besluitnemingsproses. "*Decisions for action are made in relation to the consequences that may result*" (Mattison: 2000:204). Hier sluit Loewenberg en Dolgoff (1996:76) by haar aan en noem dat hierdie benadering voorkeur verleen aan 'n eindproduk. Dit wil sê, alvorens 'n besluit geneem word, moet die resultaat van die besluit geantisipeer kan word om sodoende die aanvanklike besluit te beïnvloed.

3.5.2.2 Die pligleer of deontologiese benadering

In die uitoefening van die maatskaplike werker se taak ontstaan die vraag wat hy kragtens die reg gemagtig is om te doen. Beide kliëntsisteem en maatskaplike werker word kragtens die reg tot gehoorsaamheid aan regstelsels onderwerp. Hierdie aspek beteken dat die maatskaplike werker sy dienste binne die grense van die reg moet lewer en dat elke moontlike stap geneem moet word ten einde te verseker dat die kliëntsisteem ook binne hierdie reg sal optree. Dit is verder belangrik

dat etiese besluite teen die agtergrond van die regsfilosofie geneem moet word, dit wil sê, 'n etiese besluit wat aan die "redelike man"-beginsel van die reg gemeet kan word. So 'n argument sou dus as 'n deontologiese benadering of binne die pligleer gekategoriseer kan word, aldus Mattison (2000:204). In die werk van Baier (1994) is die verband tussen etiek en die basiese regte van die mens of individu die sentrale tema. Dit sluit aan by die pligleerbenadering wat argumenteer dat daar 'n vasgestelde stel morele waardes bestaan wat die "reg" of "verkeerd" van 'n aksie dikteer. Hier noem Reamer (1998:101) dat die pligsleer, ongeag die gevolge van die aksie, gebruik word om te besluit wat reg of verkeerd is, of wat goed of sleg sal wees.

Hierdie beredeneringswyse word deur Ife (2001:104) ondersteun as hy noem dat die "reg van die individu/mens" wat aangespreek word deur regsfilosofie, as deel van die etiese beginsels in die beoefening van maatskaplike werk opgeneem behoort te word. Mattison (2000:204) gaan in die verband voort deur te argumenteer dat maatskaplike werk, weens toenemende klagtes van onetiese optrede, genoodsaak word om die regsfilosofie en pligleer binne maatskaplikewerketiek, en die etiese besluitnemingsprosesesse te akkommodeer. Bullis (1995:71) noem in die verband: "*Social workers become legally and ethically vulnerable when they are unaware of the legislated responsibilities to which they will be held responsible.*" Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die toepassing van etiek in maatskaplike werk ook vanuit 'n pligleerbenadering gehanteer kan word, sodat 'n gestruktureerde proses in etiese besluitneming gestel kan word, en beskerming aan die maatskaplike werker ten opsigte van etiese besluitneming gebied kan word.

3.5.3 Die kliënt-sisteem en etiek in privaatpraktyk

Volgens Reamer (1998) mag etiese besluitneming op 'n dag-tot-dag basis die maatskaplike werker in praktyk by tye kortwiek. Hierdie proses kom nie neer op 'n aksie sonder gevolge nie, maar kan beskou word as 'n diskrete proses wat logies en tegnies die kliënt se beste voordeel dien. Verskeie outeurs ondersteun hierdie stelling waaronder Lewis (1984), Abramson (1985) en Mattison (2000). Elkeen van hierdie skrywers stel 'n spesifieke proses voor waardeur etiese dilemmas sistematies ontleed kan word. Hierdie hulpmiddels poog om etiese besluitneming 'n rasonale proses te maak waar intuïsie en vooroordeel uitgeskakel sal word. Mattison (2000:206) se proses sal later in die hoofstuk voorgestel en bespreek word.


Prognose is in hulpverlening baie belangrik, aangesien dit 'n direkte verband met resultate en doelwitbereiking het. In die daarstelling van 'n etiese kode moet die maatskaplike werker ook kan oordeel wat in die uitvoering van sy taak, koste en tyd produktief sal wees en wat die gevolg sal wees indien daar nie tyd aan 'n spesifieke probleem afgestaan word nie. Hierdie aspek is van besondere belang in privaatpraktyk aangesien die maatskaplike werker in privaatpraktyk koste en tyd teenoor diens moet opweeg ten einde finansiële lewensvatbaar te wees.

3.5.4 Etiese besluitneming in maatskaplikewerk privaatpraktyk

'n Verdere belangrike aspek binne die konseptualisering van etiek, is die besluitnemingsproses wat geskied sodra die maatskaplike werker gekonfronteer word met 'n etiese probleem. Maatskaplikewerketiek, moet nie verwar word met bevoegdheid of vaardigheid in die toepassing van beginsels in die hulpverleningsaksie nie, maar moet beskou word as die bloudruk vir optrede en grense waarbinne die professie homself bevind. Hierdie standpunt word deur Begelman in Wolfson (1999:265) gehuldig wanneer hy sê: "*There is no necessary relationship between ethics and effectiveness in any treatment procedure. Effectiveness cannot be the sole criterion of whether the procedure is ethical. Neither do I believe that unethical procedures must inevitably be ineffective in alleviating behavioral problems*". Dit word verder ondersteun deur Wolfson (1999:269) as sy sê dat 'n etiese prosedure nie noodwendig altyd effektief ten opsigte van hulpverlening is nie, maar steeds getrou aan etiek moet wees. Dit is egter ook belangrik dat etiek nie binne maatskaplike werk as sekondêr ná tegniese vaardigheid beskou behoort te word nie, maar inverweef met elke aspek van hulpverlening geag behoort te word. In die historiese werk van Alfred Kadushin (1959:76) is hierdie standpunt ondersteun deur te noem dat: "*Ethics is a concurrent, not a secondary consideration in social work practice. It is another consideration, guided by other criteria and principles*". Etiese optrede kan dus nie in verband gebring word met effektiewe dienslewering nie, maar word volgens Mattison (2000:203) steeds geskoei op 'n diskussionêre persoonlike oordeel van die maatskaplike werker wat vervleg is in die maatskaplike werker se optrede tydens dienslewering.

Riglyne vir etiese besluitneming word, soos vroeër genoem, deur verskeie outeurs voorgestel. Die raamwerk, soos uiteengesit deur Mattison (2000:206), stel 'n ontledingsproses voor wat 'n

maatskaplike werker kan volg wanneer 'n etiese besluit geneem moet word. Hierdie ontledingsproses word deur Mattison 'n etiese assessering genoem. Vir die doeleindes van hierdie studie is die proses aangepas om ook die komponent van privaattpraktyk te akkommodeer en dit word soos volg in Figuur 3.2 uiteengesit:



Figuur 3.2 'n Aangepaste raamwerk vir etiese besluitneming uit Mattison (2000:206).

Die totale assesseringsproses word oorskadu deur aspekte vanuit die omgewing tesame met die besluitnemer (maatskaplike werker) wat ook vanuit 'n persoonlike waarde-oriëntasie na etiese besluitneming kyk. Dit is dus belangrik om etiese grense aan die maatskaplike werker te stel wat hierdie besluitnemingsproses sal vergemaklik.

3.5.5 Etiese grense binne maatskaplikewerk privaatspraktyk

Wanneer daar na maatskaplike werk as sulks gekyk word is dit belangrik om die vraag te vra of professionele optrede in maatskaplike werk vanselfsprekend is. Die debat rondom die sanksionering van optrede deur 'n maatskaplike werker word dus geopper.

In die verband noem Payne (1997:112) dat mag en outoriteit wat verleen word aan die Maatskaplike werker gesien moet word as deel van die aard van die maatskaplikewerkprofessie en nie as deel van die aksie van maatskaplike werk nie.

Die professionele beroepspersoon maak aanspraak op die feit dat 'n spesifieke beroep komponente bevat wat dit outentiek, individueel en onvermydelik in die gemeenskap maak. Dit is egter belangrik dat 'n gemeenskap morele erkenning aan 'n professie moet gee. Professionele optrede impliseer meer as net die aanspraak op vaardigheid en kennis. Dit impliseer ook 'n element van altruïsme, empatie en opregtheid. Hierdie kenmerke word deur Davies in Payne (1997:169) soos volg omskryf: "*The true professional is not someone who is cool, detached, careerminded and disinterested, but is the worker who can display friendliness ... understanding and warmth of a manner which convinces the client of her active interest in and concern for the client's plights*". Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die verband tussen die aard van maatskaplike werk en die aksie in maatskaplike werk twee verskillende aspekte is en die nodige onderskeiding in die konseptualisering moet geniet.

Uit bogenoemde kan ook die afleiding gemaak word dat die basiese vertrekpunt in die Maatskaplikewerkprofessie die *mens* is. Hiernaas hou maatskaplike werk in gedagte dat die mens bepaalde behoeftes het wat in die sisteem bevredig word of nie. Die klem is dus nie op die probleem nie, maar die *mens met* die probleem.

Dit sluit nou aan by die waardestelsel in maatskaplike werk, waar die maatskaplike werker in privaatpraktyk dus sy eie waarde-oordeel moet ontleed en homself kan distansieer van optrede of gedrag wat sy waarde-oordeel verwerp. Riglyne vir etiese aanvaarbare optrede kan volgens Mattison (2000:205) nie gesien word as 'n logiese of wetenskaplike proses wat gevolg kan word nie, maar wat gesetel is in individuele optrede wat spruit uit 'n bepaalde individuele waardesisteem.








Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat:

- maatskaplike werk as hulpverleningsaksie 'n waardestelsel uniek aan elke gemeenskap en individu ondersteun en in die proses erkenning en respek vanuit ander professies sal vra;
- maatskaplike werk deel is van 'n groter beweging in die gemeenskap ten einde orde, balans en struktuur te bewerkstellig;
- maatskaplike werk onlosmakend deel van die gewete en waardes van die samelewing is; en
- 'n diensmotief as deel van die aard van maatskaplike werk gesien behoort te word.

Hierdie gevolgtrekking beteken dat die maatskaplikewerk hulpverleningsaksie binne 'n stel etiese kodes die welstand van die mens in nood verbeter en in die proses die behoeftes van die gemeenskap op maatskaplike vlak sal aanspreek. Hierdie aspek word deur Abbott (2001:459) omskryf as 'n historiese en kenmerkende eienskap van maatskaplike werk met die hulpverleningsaksie se fokus op sowel individuele welstand binne die sosiale konteks as die welstand van die samelewing en gemeenskap. Fundamenteel hiertoe is die aandag aan die omgewing, bydraes tot die aanspreek van samelewingskwessies en probleme wat maatskaplike funksionering beïnvloed. Uiteraard spreek hierdie stelling tot die ontwikkeling van 'n werkbare missie of waardesisteem wat dan gestalte sal kry in 'n etiese beginsel.

Dit is belangrik dat die norme en die etiese beginsels wat uit waardes vloei, binne konteks van die mens se ervaringsveld gesien moet word. Hierdie uitgangspunt wat reeds aangespreek is in Figuur 3.1, kan soos volg in Tabel 3.1 uiteengesit word:

Tabel 3.1: Etiese beginsels wat voortvloei uit kernwaardes

Kernwaarde		Etiese beginsel
Dienslewering		<i>Die maatskaplike werker se primêre doel is om die persoon in nood te help en om sy sosiale probleem aan te spreek.</i>
maatskaplike geregtigheid		<i>maatskaplike werker spoor geregtigheid aan.</i>
Respek en eiewaarde van die individu		<i>maatskaplike werk respekteer die inherente waarde van die individu.</i>
Konstateer die belangrikheid van menslike verhoudings.		<i>maatskaplike werk erken die sentrale belangrikheid van menslike verhoudings.</i>
Integriteit		<i>maatskaplike werk tree te alle tye met integriteit op.</i>
Bevoegdheid		<i>maatskaplikewerkpraktyk tree binne die grense van bevoegdheid op, ontwikkel en bou vaardighede te alle tye uit.</i>

Uit bogenoemde tabel kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die basiese waardes soos dit bekend is in maatskaplike werk, 'n vertrekpunt bied vir die daarstelling van 'n etiese kode. Wat egter belangrik is om te onthou in die opstel van 'n etiese kode vir maatskaplike werk is dat hierdie basiese waardes die ware refleksie van die beroep weerspieël en ruimte laat vir omgewingsverandering. Hierdie komponente moet egter binne konteks van maatskaplikewerk privaatrektyk geplaas word.

3.5.6 'n Etiese kode voortspruitend uit die bestaande *maatskaplikewerketiek*-en waardesisteem vir privaatpraktyk

Alvorens die belangrikheid van 'n etiese kode in privaatpraktyk bespreek sal word, is dit nodig om na die bestaande etiese kode soos tans deur die Raad vir Maatskaplike Diensberoep, aan geregistreerde maatskaplike werkers voorgeskryf word, te kyk. Elke geregistreerde maatskaplike werker word deur die Raad vir Maatskaplike Diensberoep van hierdie etiese kode as deel van die registrasieproses, voorsien. Met amptelike registrasie neem elke maatskaplike werker die verantwoordelikheid tot instandhouding van die etiese kode aan en stel hom aan vervolging bloot indien hy nie die reëls en regulasies soos in die etiese kode uiteengesit is, nakom nie. Die Etiese kodes soos deur die Raad op Maatskaplike Diensberoep (South African Council for Social Services Professions: 2003) voorgeskryf in die algemene kennisgewing 292 van 1986 soos vervat in die Staatskoerant no 10205 op 25 April 1986 is soos volg:

Ethical code for Social Workers



Issued as General Notice 292 of 1986 in the Government Gazette No 10205 of 25 April 1986.

General Approach

The general approach in this code of ethics (course of conduct) is based on the ethics that every human being has a unique value and potential, irrespective of origin, ethnicity, sex, age, beliefs, socio-economic and legal status. Each individual has the right to the fulfillment of his/her innate and acquired skills;

- the social service practitioner has a responsibility to devote his/her professional knowledge and skills scientifically for the benefit of each individual, group, community and mankind;

- the social service practitioner has a primary obligation to render service professionally;
- the social worker shall recognise and take into account his/her personal and professional limitations.

Conduct that concerns the profession

Conduct that concerns the social service professions shall mean, inter alia, for a practitioner to:

- scientifically evaluate and support the profession in order to enhance and raise the dignity and integrity of the profession;
 - challenge unacceptable practices and uphold those that are acceptable;
 - protect the profession from unfounded criticism which could bring it into disrepute;
- remain actively involved with the formulation, development, determination and implementation of professional policy.

Conduct that concerns a client

Conduct that concerns a client shall mean, inter alia, for a social service practitioner to:

- recognise the uniqueness of each client;
 - maintain a professional relationship with the client;
 - acknowledge the right to self-determination of the client;
- take into account the client's rights, preferences and objectives when structuring service-rendering, even in the absence of the client; strive towards the client's optimal use of his/her abilities;
- respect the client's right to decide whether or not to co-operate with the social service practitioner and maintain the client's right to confidentiality;
- not refuse service-rendering to a client irrespective of whether or not the client is in a position to pay the fees for such services; inform the client of and prepare him/her of any decision regarding the termination of service-rendering.

Conduct that concerns a colleague or another professional person

Conduct that concerns a colleague or another professional person shall mean, inter alia, for a social service practitioner to:

- respect and honor the training and service-rendering of colleagues and other professional persons;
- respect the trust that exists between colleagues;
- resolve criticism of and differences between colleagues in terms of the authority structure of the employer(s);
- protect and defend colleagues against unfair criticism;
- promote opportunities for the exchange of knowledge and experience between colleagues and other professional persons.

Conduct that concerns an employer

Conduct that concerns an employer shall mean, inter alia, for a social service practitioner to:

- acknowledge and honour his/her employer's authority as far as it is compatible with this course of conduct.

Conduct that concerns a social service institution

Conduct that concerns a social service institution shall mean, inter alia, for a social service practitioner to co-operate with those social work institutions whose policies, procedures and operations are directed towards adequate service-rendering and encouragement of professional practices consistent with this course of conduct.

Conduct that concerns the community

Conduct that concerns the community shall mean, inter alia, for a social service practitioner to enhance and promote service-rendering to the community under all circumstances by utilising and developing resources in the community; have the responsibility to be aware of, initiate, develop and change social policy consistent with professional practices.

Vanuit hierdie etiese kode kan gesien word dat maatskaplike werk in 'n diverse gemeenskap funksioneer, waarbinne die konteks van begrippe dikwels uit agtergrond, geskiedenis en historisiteit spruit. Dit kan dan aanvaar word dat dit baie moeilik is om na aanleiding van hierdie agtergrond, geskiedenis en historisiteit wat in 'n bepaalde gemeenskap bestaan, 'n stel etiese kodes vas te lê waarbinne maatskaplike werk homself kan rig. Die vraag kan ook gevra word of die bestaande waardesisteem vir maatskaplike werk in Suid-Afrika nie óók spruit uit agtergrond, geskiedenis en historisiteit nie.

Dit het ook duidelik uit vorige paragrawe geblyk dat 'n waarde- en normsisteem en etiese kode met mekaar verband hou. Die problematiek hiervan volgens Walz en Ritchie (2000:213) is dat maatskaplike werk 'n komponent bevat waar veranderlikes soos agtergrond, geskiedenis en historisiteit 'n besliste inslag in die bestaande etiese kode vind. Ten spyte van historisiteit beweer hierdie skrywers dat bestaande etiese kodes 'n beperking plaas op die insluiting van tegnologiese en wetenskaplike verandering in die omgewing en dat hersiening van etiese kodes moet geskied soos die omgewing deur verandering geraak word. Daar word verder ook nie in bestaande etiese kodes ruimte gelaat vir kulturele diversiteit nie en min begrip bestaan vir die integrering van maatskaplike welsyn en maatskaplike aksie.

Die implementering van 'n etiese kode in maatskaplike werk geskied ook binne 'n verwysingsraamwerk waarbinne die maatskaplike werker homself moet kan tuisvind. So word daar byvoorbeeld 'n onderskeid getref tussen wat aanvaarbaar is in 'n Westerse siening rondom etiek en byvoorbeeld 'n Oosterse siening van etiek waar geloof in beide 'n beslissende rol in die daarstelling van etiese kodes speel. Hierdie stelling word ondersteun deur Waltz en Ritchie (2000:214) wanneer hulle noem dat geloof en kultuur dikwels as raamwerk gebruik word binne die grondbeginsels van maatskaplike werk in 'n bepaalde samelewing en ook in die proses die etiese kode dikteer.

Die bestaande etiese kode wat onder meer vir maatskaplike werkers in organisasieverband en maatskaplike werkers in privaatpraktyk as riglyn voorgehou word, is voortspruitend vanuit 'n Judees-Christelike perspektief wat weer voortspruit uit die beginsel dat aanvaarbare optrede in die gemeenskap gemeet word aan die reëls wat deur die spesifieke gemeenskap neergelê word.

Hierdie stelling word ondersteun deur Waltz en Richie (2000:215) wanneer hulle verwys na maatskaplikewerketiek wat voortspruit uit morele imperatiewe soos onbevooroordeeldheid, aanvaarding, vertroulikheid, individualiteit, respek vir kollegas en lojaliteit teenoor die sisteem.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat 'n etiese kode met inbegrip van die gemeenskap waarbinne die maatskaplike werker funksioneer, neergelê moet word. Hierdie etiese kode moet die kulturele diversiteit, parameters sowel as denkraamwerk vir maatskaplikewerk privaatpraktyk kan aanspreek. Die etiese kode wat dus van toepassing sal wees vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk sal binne die denkraamwerk van privaatpraktyk geïmplementeer word, terwyl die etiese kode van toepassing op die maatskaplike werker in 'n welsynsorganisasie-verband die besondere behoeftes van die bepaalde sisteem sal omskryf. Dit sou 'n wesenlike fout wees om 'n etiese kode voor te skryf en van die veronderstelling uit te gaan dat hierdie kode toepaslik is, en van toepassing sal wees op alle vlakke van maatskaplike werk. Dit is egter belangrik om in ag te neem dat 'n goue draad vanaf etiek na profesie na beroepskategorie moet loop ten einde getrou te bly aan die primêre doelstelling van maatskaplike werk.

Alvorens 'n etiese kode vir maatskaplikewerk privaatpraktyk voorgestel kan word, sou komponente van besigheidsetiek ook binne die konteks van etiek aangespreek moet word.

3.5.7 'n Etiese kode voortspruitend uit bestaande *besigheidsetiek* vir privaatpraktyk in maatskaplike werk

Die uitgangspunt binne die implementering van etiek in die sakewêreld kan gevind word uit vrae soos wat reg, regverdig, verkeerd of onbillik is in die uitvoering van vryemarkbeginsels. Hierdie stel etiese kodes of waardes gee aan die sakewêreld 'n riglyn vir besluitneming. Die vaardigheid van die persoon wat dit toepas, staan sentraal. Hierdie stelling word deur Kroon (1996:92) ondersteun wanneer hy noem dat etiek die toepassing van suiwer teorie, beginsels en begrippe van formele etiek in die wêreld van doelwitte en prestasie behels. Daar kan egter nie meer 'n duidelike onderskeid getref word nie tussen die meer algemene bestuursetiek wat van toepassing is in die bestuur van ekonomie teenoor besigheidsetiek waar die kompleksiteit van unieke rolverdelings en betrokkenheid van individue van groot belang is.

In die Westminster Dictionary of Christian Ethics ondersteun Gunnemann (1986:68) hierdie stelling soos volg: "*The critical role of management in the large institutions of modern society, private or public, capitalist or socialist, has blurred the line between a strictly business ethics and a more general management ethics.*"

Binne die kontekstualisering van besigheidsetiek word daar in die werke van Weber (1930) die volgende kritiese raakpunte aangaande besigheidsetiek en geloof gemaak. In "*The Protestant Ethic and the Spirit of Capitalism*" – 1930 en in "*Religion and the Rise of Capitalism*" (Tawney:1926) word geargumenteer dat die Protestantse leerstellinge nie ruimte laat vir 'n winsbejag nie. Daar word in die besonder na Johannes Calvyn se werk verwys waar vraagstukke hanteer word soos onder meer om jou roeping ten opsigte van dienslewering na te streef en winsbejag en finansiële vertoon - wat dui op morele verval - te verwerp.

In die Westminster Dictionary for Christian Ethics (1986:68) word hierdie aspek ook aangeraak in 'n bespreking oor besigheidsetiek waar die skrywers soos volg daarop reageer: "*Weber called (this tention) this worldly 'asceticism' and that yielded, unintentionally, a propensity to save - thus to accumulate capital as well as to prize rational calculation in business.*" Die heel belangrikste aspek wat aangeraak word is dat daar 'n verband tussen hierdie konsep van wins en diens bestaan en reeds so vroeg as 1926 in sosiologiese werke omskryf is (Tawney:1926).

Kapitalisme in 'n nuwe era sal steeds verander en steeds dinamies bly, met 'n besliste verskil van die streng fundamentele beginsels van hoe hierdie konsep in sy vroeë ontwikkeling gelyk het. Hierdie fundamentele beginsels van kapitalisme word in vroeëre werke deur Nordskog (1960:220) omskryf as 'n teorie wat rus op individuele verantwoordelikheid en individuele inisiatief waar eienaarskap 'n basiese voorvereiste was. Wat egter vir hierdie studie van belang is, is die opmerking deur Carlton in Nordskog (1960:220) dat die winsmotief in kapitalisme fundamenteel mag wees, maar dat daar 'n integrale behoefte bestaan na mag, prestige en "*wish of worth*" - ook 'n behoefte aan erkenning en die soeke na 'n "*humane activity*" waar demokrasie in 'n gemeenskap sal beteken dat welvaart aan die wat bereid is om hard te werk, beskikbaar sal wees. Die strewende bestaan na 'n beter en meer suksesvolle lewe as 'n vorige generasie.

Soos in die geval van maatskaplike werk, is dit nodig om vas te stel vanuit watter benadering besigheidsetiek aangespreek kan word.

3.5.8 Verskillende benaderings in besigheidsetiek

Daar kan 'n onderskeid getref word tussen besigheidsetiek en algemene etiese beginsels in 'n ekonomie. Die rede hiervoor kan gevind word in die omvattende rolle en verantwoordelikhede wat in "besigheid" gevind word. Hier noem Parrinder in die Westminster Dictionary of Christian Ethics (1986:68) dat daar 'n wesenlike verskil is tussen ekonomie en besigheid en dit gevind kan word in die feit dat besigheid komponente van aandeelhouding, bestuur, entrepreneurskap, werknemers en werk het. Hierdie komponente kan elk in sy eie reg as morele agent in die ekonomie gesien word.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat hierdie komponente 'n "menslike" komponent inbring, waarmee rekening gehou moet word in die ekonomie. Uiteraard het verskillende benaderings ontwikkel waarbinne hierdie ontwikkelende besigheidsetiek verklaar kan word. Voortspruitend uit Tabel 3.1 omskryf Kroon (1996:93) vyf verskillende benaderings in besigheidsetiek wat gevolg kan word ten einde die "menslike" komponent in die ekonomie tuis te bring.

3.5.8.1 Die gouereël-benadering

In die **gouereël-benadering** sal optrede toegelaat word solank die individu se optrede in lyn is met hoe hy graag hanteer wil word. Hierdie benadering vra egter individuele aanpassings en is feitlik "doelgemaak" vir elke individu. Interpretasie van hierdie reël verskil van persoon tot persoon en bied geen werkbare implimentering vir alternatiewe in die besluitnemingsproses nie.

3.5.8.2 Die Utilitêre benadering

Die **utilitêre benadering** fokus op die beginsel dat die besluit of benadering demokraties sal geskied met 'n keuse van optrede na gelang van die hoeveelheid mense wat bevoordeel kan word

binne die organisasie of besluit. Uiteraard sal persoonlike gedrag dus die gevolge van 'n besluit bepaal.

3.5.8.3 Die deontologiese benadering

Die **deontologiese benadering** word deur De George soos aangehaal deur De Klerk in Kroon (1998:94) omskryf as die basis vir 'n moreel geregverdigde besluit wat in die bedoelings van die persoon wat die besluit neem, gesoek moet word. Konsekwente optrede is hier van belang wat beteken dat dieselfde besluit in soortgelyke omstandighede geneem sal word.

3.5.8.4 Persoonlike vryheid

In die benadering van **persoonlike vryheid** staan aspekte soos respek en die beskerming van die basiese regte van die individu sentraal. Besluite wat geneem moet word, word gebaseer op die respek vir en beskerming van die basiese regte van die individu. De Klerk in Kroon (1998:94) noem dat basiese regte vryheid van spraak, gewete en assosiasie behels.

3.5.8.5 Die regverdigheidsteorie

In die **regverdigheidsteorie** word morele standaarde aan die enkele norm naamlik geregtigheid, gemeet. Instellings of wette wat die persoonlike vryheid van die individu aantas word deur hierdie teorie verwerp. Hierdie teorie ondersteun ook volgens Kroon (1998:94) die eweredige verspreiding van welvaart naamlik "almal moet meewerk om 'n beter verspreiding van welvaart te verseker".

Uit bogenoemde kan tot die volgende gevolgtrekking gekom word:

- Dat winsmaksimering en kosteminimering in verband gebring word met voordeel en getal;
- Dat individuele regte, sosiale verantwoordelikheid en geregtigheid ook in die besigheids-wêreld aangespreek moet word en 'n benadering vra wat dit kan akkommodeer; en
- Dat die utilitêre benadering deur die meeste sakepersone toegepas word, aangesien dit fokus op die winsmotief.

Dit wil vanuit die bogenoemde literatuur voorkom asof geen van hierdie benaderings tot etiek wat in beide maatskaplike werk en ekonomiese- en bestuurswese gevind word, mekaar weerspreek nie. Alvorens daar egter tot 'n geïntegreerde etiese kode gevorder kan word sou dit wenslik wees om die komponente van besigheidsetiek deeglik te bestudeer.

3.5.9 Komponente van besigheidsetiek

3.5.9.1 Etiese relatiwiteit as komponent van besigheidsetiek

Soos vroeër genoem help etiek in die sakewêreld die besluitnemingsproses. Dit is ook belangrik om aan etiese relatiwiteit in hierdie verduideliking van etiek ruimte te bied. In die sakewêreld bestaan daar nie algemeen aanvaarbare reëls nie. Kroon (1996:93) noem dat die korrekte besluit in sekere gevalle afhanklik is van wie die besluitnemer is en wie deur die besluit geraak word. Wat aanvaarbaar in een situasie is, sal totaal onaanvaarbaar wees in 'n volgende. Hierdie verskille in sienswyse kan vergelyk word met die diversiteit van 'n gemeenskap en verskil na aanleiding van die reëls en norme wat op 'n gegewe tyd in die gemeenskap geld.

3.5.9.2 'n Besigheidsideologie as komponent van besigheidsetiek

Dit is vir die doeleindes van hierdie studie onmoontlik om een enkele dominante besigheidsideologie te omskryf. Die bedryf word deur Kast en Rosenzweig (1992:37) as 'n samelewing gesien, gekenmerk deur etiese pluralisme, wat onder meer beteken dat elke samelewing sy eie unieke stel etiese riglyne in stand hou en dat etiese optrede graadverskille impliseer. Vir sommige aspekte in 'n sisteem sal een stel waardes met 'n etiese kode vir optrede geld, terwyl 'n ander aspek, 'n ander stel waardes met 'n ander etiese kode vir optrede geld. So het die kapitalistiese etiek reeds van die vroegste tye af die winsmotief binne ekonomiese aktiwiteite goedgekeur met verskillende etiese kodes vir verskillende ekonomiese aktiwiteite. So kan een persoon wins verdien uit gewelddadige soos boks terwyl dit oneties is om seks te verkoop vir wins. Die heersende waarde en normesisteem bepaal dus ook die etiese riglyne in die besigheidswêreld.

Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat individue dikwels vasgevang word in die konflikterende waardesisteme en veranderende norme in 'n samelewing.

Die eerste besigheidsideologie word vanuit 'n kapitalistiese invalshoek bestudeer.

- **Kapitalistiese filosofie as besigheidsideologie**

'n Belangrike uitgangspunt in die bestudering van kapitalisme word deur Handy (1997:59) geopper wanneer hy sê dat kapitalisme 'n filosofie is wat ontwikkel het om die middel tot 'n doel te word, maar nie noodwendig die middelpunt van lewe behoort te wees nie. Hy herdefinieer dus kapitalisme in die opsig dat "geld" as die middel tot 'n veel groter doel beskou moet word en nie die einddoel moet wees nie. Dit word reeds in 1930 soos volg deur Keynes in Handy (1997:88) voorspel: "*We are being afflicted with a new disease of which some readers may not yet have heard the name*" ... "*it is a liberating not a defining creed, money as the means but not the end*". Hierdie stelling impliseer dus dat kapitalisme slegs die meganisme is - 'n meganisme wat nie noodwendig 'n oplossing bied nie, maar 'n suggestie vir optrede aan die individu laat.

Binne die konteks van kapitalisme kan die klassieke werk van Adam Smith, vir die eerste maal gepubliseer in 1776 met die titel "An Inquiry into the Nature and Causes of the Wealth of Nations", (Smith:1957) beskou word as die geboorte van die kapitalistiese etiek. Smith redeneer dat die individu op ekonomiese terrein sy talente en hulpbronne só kan inspan dat hierdie individu van die grootste moontlike voordeel uit die ooreenkoms verseker sal wees. Hieruit kan afgelei word dat Smith die beginsels van 'n laissez-faire ekonomie uiteengesit het en een van sy bekendste uitsprake was: "*that government governs best which governs least*", aldus De Klerk (1994:109). 'n Verdere belangrike beginsel wat uit sy werk beslag gekry het, is dat daar 'n sogenaamde ekonomiese paradoks kan ontwikkel waar niemand vir 'n totaal onbruikbare kommoditeit sal betaal nie. Nuttigheid is 'n voorwaarde vir ruil. Die graad van nuttigheid bepaal egter nie die prys nie, maar die produksiekoste onder die druk van mededinging.

In die werke van Baumol (2003) word verder gegaan as hierdie winsmotief in kapitalisme ook gekoppel word aan produktiewe en onproduktiewe optrede in vryemark-omgewing waar

ekonomiese aktiwiteite winsbydraes verdeel of wins verminder. Adaman en Devine (2002:329) noem egter dat daar verder gegaan kan word as die definiëring wat Baumol (2003) aan etiek binne kapitalisme gee. Die skrywers verwys na die maatskaplike implikasies van die vryemark-ekonomie en noem dit "*a value system that emphasises the importance for the quality of life of sustainability, viable local communities, social stability and considerations of equity ...*"

Hierdie argument verwys na die twee sienswyses wat tussen die Calvinistiese of Protestantse etiek en die Judees-Christelike etiek bestaan en die implikasies van beide op die ideologie wat in 'n vryemark gevolg word. 'n Verduideliking van hierdie twee rigtings word kortliks soos volg deur Kast en Rosenzweig (1992:38) gegee.

Die Calvinistiese uitgangspunt was tussen 1620 en 1930 die dominante etiese stel waardes wat in besigheid en bestuur bestaan het. Sedert 1930 het die Judees-Christelike etiek, wat veel ouer en meer omvattend as Calvinisme is, posgevat. Die Calvinistiese etiek ondersteun die siening dat 'n laissez-faire en maksimum-wins-ideologie die basis van elke besigheid sal vorm. Klem word geplaas op effektiewe produktiwiteit en die rol van die besigheid of organisasie as voorsiener en verskaffer van dienste en goedere. Daarteenoor staan die Judees-Christelike etiek, waar 'n breër sosiale verantwoordelikheid beslag vind in die besigheidsetiek, waar die sosiale verantwoordelikheid nie net van toepassing is op die individu nie maar ook in die kultuur van die besigheid of organisasie beslag kry. Farmer soos aangehaal deur Kast en Rosenzweig (1992:38) verwys na hierdie teenstelling as 'n dilemma in die ontwikkeling van besigheidsetiek. Hy omskryf dit soos volg: "*The dilemma is that both groups are essentially correct. The Calvinist ethic is correct in economic terms, and this can be demonstrated historically. The Judeo-Christian ethic is correct in personal terms, and it requires little imagination to project the ethic to the national scene. But there is little economic content in this ethic*".

Hierdie siening word deur Kast en Rosenzweig (1992:39) beskryf as primêr die doel van 'n besigheid waar wins sentraal staan ten einde oorlewing en langtermyn belang te verseker.

Binne die konseptualisering van hierdie aspekte is dit ook noodsaaklik om die grense in die probleemstelling van hierdie studie te plaas. 'n Winsmotief as enigste oogmerk in 'n gegewe

besigheid negeer die omgewingskultuur. Die verhouding tussen omgewingsbestuur en wins staan sentraal tot oorlewing.

'n Onlosmakende verhouding tussen sosiale sowel as ekonomiese aspekte word deur die gemeenskap neergelê en uiteraard moet die privaatpraktyk hierop ag slaan. Daar kan dus 'n afleiding gemaak word dat 'n meer kontemporêre etiek toepaslik sal wees. Tabel 3.2 verduidelik die tradisionele kapitalistiese etiek teenoor 'n ontwikkelende kontemporêre etiek.

Tabel 3.2: Tradisionele kapitalistiese etiek teenoor 'n ontwikkelende kontemporêre etiek in besigheid

Tradisionele kapitalistiese etiek	Kontemporêre etiek
Protestantse etiek waar individualisme, eienaarsbelang en selfdeterminasie sentraal staan.	Die groei van sosiale etiek wat fokus op gemeenskapsbelang, groepsbelang en verantwoordelikheid. Sosio-kulturele invloede word uitgeoefen binne die welsyn van die individu.
Die uitbouing en groei van individuele selfbelang lei tot hoër vlakke van maatskaplike welvaart.	Noodsaaklikheid vir koöperatiewe sosiale gedrag.
Toenemende effektiwiteit deur middel van werkverdeling en spesialisering.	Erkenning van beperkings ten opsigte van spesialisering in terme van menspotensiaal.
Die besigheid as 'n ekonomiese eenheid.	Die besigheidsorganisasie word as sosio-ekonomiese instelling gesien.
Winsmaksimering as 'n enkele objek.	Wins as doel, met die voorbehoud van erkenning van sosiale doelstellings.
Totale klem op effektiewe en doeltreffende ekonomiese prestasie.	Klem op effektiwiteit, doeltreffendheid en deelnemersbevrediging.
Die besigheid gesien as 'n geslote sisteem.	Die besigheidsorganisasies as 'n oop sisteem binne 'n interaktiewe verhouding tot die omgewing.
Reaksie en optrede slegs op die mark en kompetisie gerig.	Reaksie en betrokkenheid by belange en sosiale groepe.
Laissez-faire houding teenoor statutêre optrede.	Erkenning van die rol van die staat in die bereiking van sosiale doelstellings.
Die mens beheer sy omgewing.	Interafhanklike verhouding met die omgewing.
Sterk lojaliteit teenoor ekonomiese groei al sou dit die eksploitering van bronne behels.	Erkenning van die beperkings van groei en beweging ten opsigte van bewaring van hulpbronne.
Ongekontroleerde gebruik van wetenskap en tegnologie.	Erkenning van beperkings ten opsigte van wetenskap en

	tegnologie, met die daarstelling van die teenwoordigheid van 'n "menslikheidsfaktor".
Die gemeenskap se verwagtings ten opsigte van besigheid beperk tot die produksie van goedere en dienste.	Die gemeenskap se verwagtings ten opsigte van lewenskwaliteit word geakkommodeer.
Besigheidsresultate word gemeet aan wins.	Besigheidsresultate word gemeet aan wins en maatskaplike indikatore.
Primêr gemoeid met nasionale markte en tendense met fokus op binnelandse kompetisie.	'n Toenemende internasionale perspektief met toetrede tot wêreldmarkte.

Uit bogenoemde tabel kan ons dus die veranderende denkpatoon vir die toetrede tot 'n oop en meer deurlaatbare sisteembenadering sien asook ruimte vir die ontwikkeling van 'n stel besigheidswaardes waarbinne sowel die individue as die gemeenskap kan deel. Wat egter steeds sentraal staan, is die belangrikheid van 'n klemverskuiwing in privaatpraktyk waar maatskaplike-werketiek en besigheidsetiek as twee verskillende komponente in een sisteem naamlik die privaatpraktyk geakkommodeer kan word.

Wanneer hierdie standpunte in verband met die diensmotief in maatskaplike werk gebring word, sou 'n vertrekpunt vir hierdie argument gevind kan word in die standpunt van Handy (1997:88) as hy noem dat elke individu 'n behoefte het aan erkenning - of 'n self waarop jy trots kan wees. Die outeur omskryf dit in populêre taal as "your hungry spirit."

Hierdie behoefte na selfbelang, selfvertroue of selfverantwoording kan nie net in monetêre terme gemeet word nie - selfs nie in die mees materialistiese uitgangspunte in die samelewing nie. Volgens Handy (1997:89) kan dit soos volg omskryf word: "... *has it that life is not about the satisfaction of needs, although that is inevitably part of it, but the chance to test oneself against all the challenges and so to prove oneself. Money will form a part of this type of self-interest, but only a part.*" Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat 'n nuwe omwenteling in kapitalisme plaasvind. 'n Balans tussen 'n winsmotief en diensmotief het ontwikkel en die vervulling van 'n emosionele behoefte om van meer waarde as slegs 'n monetêre stelsel te wees, bestaan.

3.5.9.3 Wins as komponent van besigheidsetiek

Vanuit 'n ekonomiese perspektief stel De Klerk (1994:179) dit weer dat 'n onderneming sonder 'n diensmotief se kontinuïteit in gedrang kom en dat wins tot ondergang gedoem is.

Die diensmotief in die konteks van privaatpraktyk word beskou vanuit 'n ekonomiese perspektief en verwys na dienslewering in privaatpraktyk. Dus kan daar verwys word na 'n aanvaarbare diens ter bevrediging van behoeftes van die kliënt. Slaag die privaatpraktyk daarin om sodanige aanvaarbare diens of produk ter bevrediging van menslike behoeftes te kan lewer, is die privaatpraktyk op 'n vergoeding vir die gelewerde diens geregtig. Hierdie vergoeding is wins.

Daar bestaan volgens De Klerk (1994:179) egter 'n element van uitbuiting wat met die gebruik van die woord wins gepaard gaan en die woord "ondernemersloon" sou 'n meer aanvaarbare woordkeuse wees. Dit is egter belangrik om hierdie wins, hetsy per item of in totaal, verband te laat hou met die aard en graad van diens wat gelewer word, anders sou dit as uitbuiting beskou kan word.

De Klerk (1994:182) noem verder dat die persepsie van wins ook vanuit 'n rekeningkundige perspektief benader kan word. Sodoende word wins beter beskryf in die sogenaamde konsep van inkomste-optimum, of meting van doeltreffendheid.

Wins vanuit bogenoemde denkraamwerk beskik oor die volgende kenmerke en die volgende aannames, wat ook van toepassing in maatskaplikewerk privaatpraktyk is, word deur Roberts en Kynaston (2001:4555) gemaak:

- 'n Entiteit kan slegs 'n wins openbaar indien sodanige entiteit in die afsienbare toekoms 'n bedryfsbestaan kan bly voer.
- Inkomste en uitgawes word geag toe te val en teen mekaar opgeweeg te word. Dit vind plaas in soverre hulle onderlinge verwantskap in 'n spesifieke rekenpligtige tydperk redelikerwys bepaal kan word (die sogenaamde paringsbegrip).


- Daar moet konsekwentheid in die rekenkundige behandeling van inkomsteberekening en erkenning in elke rekenkundige tydperk en van tydperk tot tydperk wees (konsekwentheidsbegrip).
- Inkomste word nie vooruit in berekening gebring nie, maar word slegs deur insluiting in die inkomstestaat erken wanneer dit in kontant gerealiseer is, of in 'n bate wat in 'n redelike kort tydperk met redelike sekerheid gerealiseer sal word. Daarby moet voorsiening gemaak word vir alle bekende aanspreeklikhede, ongeag of die bedrag met redelike sekerheid bepaal kan word al dan nie (die omsigtigheidsbegrip).

Die bedryfsrekenkundige perspektief rakende wins noem dat 'n sake-onderneming se wins 'n aanduiding is van die mate van sukses wat in die ekonomiese "behoeftebevredegingsproses" behaal is. Winsbepaling is volgens De Klerk (1994:183) eensyds die meting van die intensiteit van die behoeftebevredeging wat bereik is, en andersyds die meting van die offer wat gebring moes word om die bepaalde behoeftes te bevredig. Die meting of winsbepaling geskied in terme van geld wat gebruik word as gemeenskaplike rekeneenheid wat as waardemaatstaf moet dien. Die winsbegrip is dus aan die waardebegrip gekoppel deurdat wins gesien word as 'n waarde-oorskot.

Wins word beskou as 'n vermoënstoeneming, alhoewel nie elke vermoënstoeneming wins is nie. Die vermoënstoeneming is eers wins indien dit vir vertering of uitkering vatbaar is. Dit beteken dat die kapitaal wat in 'n onderneming belê is in reële terme ongeskonde gehou moet word.

Vanuit 'n maatskaplikewerkperspektief kan dus samevattend gesê word dat wins omskryf word as die resultaat van die wisselwerking van dienslewering tussen die maatskaplike werker wat sy dienste aanbied en die bevrediging van die behoeftes van die kliënt. Nominaal word dit bereken as die netto inkomste wat aan die eienaars toedeelbaar is en is die verskil tussen die waarde gegenerer en die waarde opgeoffer. Die gemete waarde opgeoffer sluit slegs daardie koste in wat ekonomies onvermybaar en tegnies noodsaaklik is.

Die toepaslikheid van bogenoemde aspekte in privaatpraktyk word gevind in die feit dat privaatpraktyk die tradisionele grense van maatskaplike werk oorsteek en die grense binne die tradisionele ekonomiese en bestuurswese betree. Hierdie aannames kan die konsep, winsmotief vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk in perspektief plaas. Waar maatskaplike werk tradisioneel nie 'n kapitalistiese motief openbaar het nie, doen maatskaplikewerk privaatpraktyk dit wel, waar maatskaplikewerketiek geskoei is op die waardes in maatskaplike werk alleen, betree maatskaplikewerk privaatpraktyk ook die terrein van besigheidsetiek en die filosofiese debatte van kapitalisme. maatskaplikewerk-privaatpraktyk begewe hom dus in twee verskillende verwysingsraamwerke en moet in die proses 'n middeweg vind wat werkbaar sal wees in die praktyk. Hierdie proses kan skematies soos volg voorgestel word.



**Figuur 3.3: Die versoening van 'n diensmotief met 'n winsmotief binne maatskaplikewerk
privaatpraktyk.**

Vanuit Figuur 3.3 is dit duidelik dat 'n kombinasie tussen wins en diens, waar wins kapitalisme impliseer, wel in hierdie konteks versoenbaar kan wees. Dit suggereer dus dat die maatskaplike werker steeds sy roeping kan uitleef ten spyte van die feit dat hy ook 'n winsmotief vir sy privaatspraktyk het.

Die dinamika van die struktuur kom egter in gevaar as 'n proses van bemagtiging nie vir die maatskaplike werker in privaatspraktyk 'n rol speel nie. Die derde konsep eie aan 'n praktykmodel sal dus die proses van bemagtiging wees. 'n Kort teoretiese beskrywing van die proses van bemagtiging vir die konteks van hierdie studie sal hier bespreek word met 'n uitgebreide deel in hoofstuk ses waar die elemente van "die self" bespreek sal word.

3.6 Bemagtiging as fundamentele konsep vir privaatspraktyk in maatskaplike werk

Die rasionaal vir die insluiting van bemagtiging as fundamentele konsep in 'n model vir privaatspraktyk is reeds vroeër in die hoofstuk beskryf (punt 3.3). Ten einde die konsep te verhelder word die definisie van bemagtiging deur Potgieter (1998:216) weergegee: "Empowerment is a process of increasing personal, interpersonal and collective power which allows individuals, families, groups and communities to maximise their quality of life." Blanchard, Carlos en Randolph (1999) is dit eens dat 'n proses van bemagtiging die potensiaal van die individu ontsluit. In hierdie studie fokus die proses van bemagtiging dus op die maatskaplike werker in privaatspraktyk en word die proses van bemagtiging aangespreek binne die konteks van **persoonlike** bemagtiging van die **maatskaplike werker in privaatspraktyk**.

Vanuit bogenoemde kan die navorser tot die gevolgtrekking kom dat bemagtiging 'n proses van *in staat-stelling* veronderstel. Die individu word in staat gestel om sy volle potensiaal te bereik, hetsy op persoonlike of professionele vlak. Bemagtiging as konsep word verder ook deur Potgieter (1998:120) omskryf as die *geloof in die moontlikheid van die individu waar opsies en alternatiewe vir hierdie individu beskikbaar gestel word*. Hy beskryf dit soos volg: "They can be assisted in getting access to resources and control over their own lives". Indien die proses van bemagtiging binne die konteks van die besigheidsidroom geplaas word, kan die beskrywing van Blanchard, et

al. (1999:5) as toepaslik beskou word: "(Empowerment is) 'Cutting-edge technology' that provides both the strategic advantage, companies (privaatpraktyke-CHMB) are seeking and the opportunity people (maatskaplike werkers in privaatpraktyk-CHMB) are seeking". Hieruit is dit duidelik dat waar die operasionele prosesse van 'n privaatpraktyk bemagtig word, hierdie praktyke 'n strategiese voordeel het bo ander praktyke, terwyl die maatskaplike werker in privaatpraktyk wat bemagtig is, geleenthede het wat ander maatskaplike werkers in privaatpraktyk nie noodwendig sal hê nie. Die skrywers gaan verder en noem dat die werklike waarde van bemagtiging gevind kan word in die proses om kennis, ervaring en motivering wat reeds in die individu skuil, te ontloot. Hierdie ervaring, kennis en krag is dikwels onderbenut in elke individu en moet omgeskakel word in vaardighede sodat die individu sy volle potensiaal kan bereik.

Indien die proses van bemagtiging van toepassing gemaak word in maatskaplikewerk-privaatpraktyk, kan aangeneem word, soos reeds vroeër beskryf is, dat die fokus vir hierdie studie nie sal val op maatskaplike werk se handeling, bedrywigheid of metode nie, maar die bevordering van maatskaplike bestendigheid by die maatskaplike werker as privaatpraktisyn.

In die omskrywing van die konsep "bemagtiging" kan die volgende in die definiëring deur Betof en Harwood (1992:32) gevind word: "To feel empowered is to feel a sense of control, a sense that you have the power to affect the work you are doing. Rather than feeling helpless, as on the dependent end of a parent/child relationship, (social workers) who are empowered have a sense that they can exert control." Hieruit kan die afleiding dus gemaak word alhoewel die taak en werksveld van die maatskaplike werker die bemagtiging van die kliënt vra, is dit ook nodig dat die maatskaplike werker as persoon bemagtig moet word.

Volgens Betof en Harwood (1992) bemagtig organisasies dikwels hul werknemers. Wat egter vir die navorser duidelik hieruit blyk, is dat die maatskaplike werker in privaatpraktyk nie hierdie proses van bemagtiging in organisasieverband kan beleef nie en dat bemagtiging dus vanuit 'n ander oord aan die maatskaplike werker in privaatpraktyk gebied moet word. Aangesien die maatskaplike werker in privaatpraktyk primêr vir homself verantwoordelik is, sou die navorser dus die afleiding kon maak dat die maatskaplike werker vir sy eie bemagtigingsproses verantwoordelik is.

Alvorens na die proses van bemagtiging, en hoe dit toepaslik is in maatskaplikewerk privaatspraktyk, gekyk kan word, is dit nodig om na die basiese voorveronderstellings te gaan kyk waarop die bemagtigingsproses rus.

3.6.1 Aannames waarop bemagtiging rus

Die volgende voorveronderstellings volg uit die werk van Du Bois en Miley soos opgeneem in Potgieter (1998:216):

- Bemagtiging verg 'n klimaat wat fokus op die krag en emosionele bates van die individu;
- die kliënt-sisteem (privaatpraktisyn) is bevoeg genoeg en het genoeg innerlike kapasiteit om binne sy eie belang op te tree;
- hierdie bevoegdheid berus op aangeleerde lewensvaardighede wat die vermoë tot besluitneming en probleemoplossing omvat;
- veronderstel 'n verhouding waar gelyke vennote saam kan werk;
- bemagtiging vra bronne en die vermoë om hierdie bronne suksesvol te kan aanwend;
- bemagtiging is dinamies, beskik oor sinergie en kan as 'n evolusionêre proses gesien word;
- bemagtiging dra 'n komponent persoonlike beheer, invloedrykheid en 'n positiewe gemoedstoestand oor;
- bemagtiging vermy 'n magstryd, dit wil sê deur een sisteem te bemagtig impliseer dit nie die vermindering van mag by 'n ander nie; en
- bemagtiging benut die bemagtiger as 'n belangrike bron van kennis en ondersteuning.

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat hierdie voorveronderstellings die basis lê waarop 'n proses van bemagtiging vir die maatskaplike werker in privaatspraktyk ontwikkel kan word. Daar is egter een verdere aspek wat volgens Sturgeon in Gray (1998:33) in gedagte gehou moet word alvorens die bemagtigingsproses gefasiliteer kan word, en dit is dat die doel van bemagtiging as fokusarea in die bemagtigingsproses moet uitstaan naamlik dat bemagtiging 'n proses is om onafhanklikheid te bewerkstellig. Hierdie doel kan volgens die outeur slegs realiseer indien die persoon bewus is van sy regte, oor 'n selfbewussyn beskik en oor geleenthede vir opleiding beskik. Hierdie aspekte

word deur Lee (1994:13) as komponente van bemagtiging beskou, en sal nou in diepte bespreek word.

3.6.2 Komponente van bemagtiging

Daar is volgens Lee (1994:13) drie interafhanklike komponente in die bemagtigingsproses wat teenwoordig moet wees indien 'n bemagtigingstrategie beplan word. Hierdie drie komponente is:

- Die ontwikkeling van kennis;
- die daarstelling van persoonlike grense ten opsigte van dit wat in en uit die sisteem beweeg; en
- die ontwikkeling van hulpbronne en strategieë ten einde gestelde doelwitte te bereik.

3.6.2.1 Kennis as komponent van bemagtiging in die maatskaplikewerk privaatspraktyk

Die komponent kennis impliseer om begrip te ontwikkel of bekend te wees met aspekte in maatskaplikewerk privaatspraktyk. In die bemagtigingsproses sou die ontwikkeling van begrip of die ontwikkeling van "bekendheid met" aspekte van privaatspraktyk voordelig wees aangesien dit die maatskaplike werker in privaatspraktyk in staat stel om die twee ander komponente naamlik die vasstelling van grense en die identifisering van hulpbronne optimaal te benut.

Kennis as komponent van bemagtiging impliseer veel meer as kundigheidsontwikkeling. Aspekte van belang binne die kennisbasis van die maatskaplike werker in privaatspraktyk omsluit onder meer kennis oor al die veranderlikes wat belangrik is in 'n model vir privaatspraktykbestuur en sluit onder meer in:

- Kennis van 'n verwysingsraamwerk waaruit hy na sy sisteem kyk, soos uiteengesit in Hoofstuk twee.
- Kennis rakende die maatskaplikewerkprofessie met fokus op die funksies, voordele, verantwoordelikhede en status daaraan verbode. Hier is kennis ten opsigte van 'n waarde- en normsisteem, en etiek is baie belangrik. Vanuit hierdie kennisbasis moet die maatskaplike werker in privaatspraktyk sy eie strukture rondom hierdie aspekte in plek kry, wat sonder 'n

kennisbasis oor die fundamentele aspekte daaraan verbonde onmoontlik sou wees (soos uiteengesit in die eerste afdeling, punt 3.4 en 3.5 van hierdie hoofstuk).

- Kennis rakende die beginsels van maatskaplikewerk privaatpraktykbestuur wat onder meer maatskaplikewerkbeginsels, besigheidsbeginsels en lewensbeginsels insluit (soos bespreek sal word in Hoofstuk vier).
- Kennis rakende die maatskaplikewerk privaatpraktyk prosesse wat fokus op die fundamentele strukture, hulpverleningsaksies en interafhanklike verhouding van bestuursprosesse, entrepreneuriese prosesse en maatskaplikewerk hulpverleningsprosesse, (soos bespreek sal word in Hoofstuk vyf);
- Kennis rondom die eksterne en interne elemente ter sake in maatskaplikewerk-privaatpraktykbestuur. Hierdie eksterne en interne elemente sluit onder meer selfkennis, emosionele intelligensie en kennis van die omgewing met al sy fasette in. Kennis oor die omgewing sluit verder ook agtergrondkennis oor die kliëntekorps in wat fokus op problematiek en persoonsdinamika (soos bespreek sal word in Hoofstuk ses).

Vanuit bogenoemde kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat kennis as komponent van bemagtiging nie net professionele kundigheid impliseer nie, maar 'n deeglike onderbou vra van alle aspekte wat belangrik geag word in die funksionering van 'n privaatpraktyk.

3.6.2.2 Die vasstelling van grense as komponent van bemagtiging

Sistemies gesproke is daar reeds in Hoofstuk twee na die belangrikheid van grense verwys. Vir die doeleindes van bemagtiging, sou dit vir die maatskaplike werker in privaatpraktyk nodig wees om vas te stel waar grense in hierdie sisteem gestel moet word. Grense impliseer in privaatpraktyk dus sowel persoonlike as professionele grense. As die beskrywing van bemagtiging van toepassing gemaak word op persoonlike en professionele grense, sou aspekte soos die beheer en kontrole van hierdie grense nodig wees. Dit is dikwels noodsaaklik vir 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk om bemagtig te word ten opsigte van hoe hy sy rolvertolking beleef en wat van hom verwag word in hierdie rolle wat hy identifiseer. Kennis oor wie hy is en wat sy doel binne sy beroepslewe is, is dus deel van die vasstelling van persoonlike grense en professionele grense.

Insig in hoe en waar om grense te stel word in 'n bemagtigingsproses verpraktiseer deur die aanleer van lewensvaardighede, aldus Potgieter (1998:219).

3.6.2.3 Hulpbron- en strategie-ontwikkeling as komponent van bemagtiging

In Lee (1994:13) word die ontwikkeling van hulpbronne en strategieë ter doelwitbereiking as een van die vernaamste komponente in 'n bemagtigingsproses beskou. Hier verwys die navorser na die vernaamste aspekte waaruit 'n model vir privaatpraktyk bestaan naamlik die toepaslike konsepte, beginsels, prosesse en elemente en gebruik dit as vertrekpunt ten einde hulpbronne en strategieë vir elk van die aspekte te identifiseer.


So moet maatskaplike werkers in privaatpraktyk bemagtig word om byvoorbeeld beginsels as komponent van 'n praktykmodel nie alleen te identifiseer nie, maar hulpbronne te ontwikkel wat die uitvoering en verpraktisering van beginsels sal vergemaklik. Verder behels die proses van bemagtiging die ontwikkeling van 'n strategie om die mees toepaslike prosesse vir byvoorbeeld 'n aannemingspraktyk te identifiseer. Hierdie bemagtigingsproses stel dus die maatskaplike werker in staat om letterlik beheer oor elke aspek van sy privaatpraktyk te neem en sodoende sy doelwit wat hy vir sy praktyk gestel het, te bereik.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die verloop van 'n bemagtigingsproses as konsep in 'n model vir privaatpraktyk in maatskaplike werk interverweef sal wees met elke ander komponent van die model.

3.7 Samevatting

Die konsepte wat in hierdie hoofstuk aangebied is, beklemtoon die holistiese en sistemiese aard van die studie. Die konsepte waarde- en normsisteem, etiek, en bemagtiging se toepaslikheid in 'n model vir privaatpraktyk kon deur die bespreking van toepaslike literatuur gemotiveer word. In hierdie hoofstuk het dit ook duidelik na vore gekom dat die konsepte wat bespreek is, as primêre boustene van maatskaplikewerk privaatpraktyk beskou kan word. In die volgende hoofstuk sal dus

nou op beginsels as belangrike komponent van 'n privaatspraktykmodel gefokus word. Ten einde die verloop van die literatuurstudie te illustreer word figuur 3.4 vervolgens gegee.



Figuur 3.4: Die verloop van die literatuurstudie in die ontwikkeling van 'n praktykmodel vir privaatspraktykbestuur met klem op toepaslike konsepte